Stella straat

Romeine 10:5-8

"Ophou probeer"



Tuis-Adoramus 9 Augustus 2020

Geskryf deur Willem Nicol

TEKS: Romeine 10:5-8

TEMA: Ophou probeer

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

TEMA

Hierdie week neem ons leesrooster ons na 'n gedeelte uit die Heilige Skrif wat die hart van Paulus se boodskap, die hart van ons geloof, weergee.

ONS LUISTER

https://www.youtube.com/watch?v=Usv8pRjF2dA

en vra jouself af: Wat moet 'n skaap doen om al dié goedheid van sy herder te ontvang?

LIED 158 (die "guns" is vandag vir ons die belangrike woord)

Bring my na u woning, Here, laat my daar voor U verskyn
waar ek lofsing U ter ere, waar u guns oor my kan skyn.
Laat my in u glansend lig neerbuig voor u aangesig.

GEBED

O, Gees van Vader en van Seun, vandag neem U ons na woorde wat aan die meeste van ons oorbekend is. Ons het so gewoond aan hulle geraak, dat hulle vir ons afgesaag voel. Tog weet ons, HERE, dié woorde ontsluit die GROOT GEHEIM VAN DIE LEWE. Ons vra: maak oop ons hart en oë om te sien dat hier baie meer skuil as wat ons ooit gedink het.

VOORBEREIDING:

- Paulus skryf hier oor hoe 'n mens *geregtigheid* verkry. In Paulus se taal beteken *geregtigheid* dat jou *verhouding* met God reggemaak word EN dat Hy tegelykertyd begin om jou *lewe* reg te maak. Dit wil sê regverdiging asook heiliging.
- Oor *hoe dit verkry word*, maak Paulus 'n skerp teenstelling. In die ou verbond moes jy iets *doen* om geregtigheid te verkry, maar in die nuwe verbond hang dit nie meer af van wat ons doen nie. Dit word deur die geloof ontvang, en geloof is ophou doen, *ophou probeer*, ophou soek. In die ou bedeling het mense ver gesoek na geregtigheid – in die hemel of dieptes – maar nou is dit by ons.

ROMEINE 10:5-8

Moses skryf immers van die geregtigheid wat op grond van die wet verkry word: "Die mens wat hierdie dinge doen, sal hierdeur leef." Maar die geregtigheid deur die geloof word so verwoord: "Moenie in jou hart sê, 'Wie sal na die hemel opklim'" – met die bedoeling om Christus af te bring – "of, 'Wie sal na die onpeilbare diepte afdaal'" – met die bedoeling om Christus uit die dood terug te bring nie. Nee, wat sê dit? "Die woord is hier by jou, in jou mond en in jou hart."

EIE MEDITASIE

KOMMENTAAR

- Die gedeelte nooi ons om nog beter te ervaar wat geloof is.
- Dis gerig op die grootste wat daar is: die lewens- en ewigheidsomvattende vriendskap van God.
- Die voordele van dié vriendskap is hier by my. Ek hoef nie 'n end af te lê daarheen nie. Dis alles nou myne, soos ek hier sit. Ek kan dit sê met die "mond" en laat deel word van my "hart", want dis nou myne.
- Hoe vorder ek in die geloof? Nie deur meer daarvan reg te kry nie, maar deur minder reg te kry omdat ek net toenemend daarin rus dat God alles reggekry het, rus op sy oewerlose stroom van guns teenoor ons almal.

VIR VERDERE NADENKE

- Watter verskil maak dit aan my *gevoel oor die huidige oomblik* as ek glo dat alles wat werklik saak maak nou hier vir my gegee word?
- Watter verskil wil hierdie waarheid aan my *godsdiens* maak?
- Watter verskil wil hierdie waarheid aan my *leefstyl* maak?

WOORDKUNS

Ek nooi jou om die volgende woorde een vir een te lees en rustig stil te staan by elke enkele woord wat nou met jou hart praat:

U het my met u guns versadig
en as 'n Vader my beskerm;
met seëninge, so mildadig,
U dag en nag oor my ontferm.
Ek weet aan wie'k my toevertrou het,
al wissel dan ook dag en nag;
ek ken die Rots op wie'k gebou het,
van wie ek al my heil verwag.

GEBED

Genadige Christus,
wil U my regtig so afhanklik maak?
Ek wil darem iets hê waarop ek trots kan wees –
ten minste dat ek goed probeer lewe, dat U dit sien.
Wil U alle trots nou van my wegneem?
Gee U die grootste geskenk, die allesbepalende,
vir my sonder dat ek enigiets daartoe bydra?
Is ek bloot ontvanger en niks meer nie?
Ek hoor u ja op elkeen van my vrae.
Leer my wat dit vir my geloof en lewe beteken.
Ook dít vra ek as geskenk!

ONS LUISTER

Kom ons luister na Psalm 103 in Hebreeus met Engelse vertaling:

https://www.youtube.com/watch?v=ltbxkLqo3b8

Anders kan jy Randall Wicomb se weergawe van Psalm 23 luister:

https://www.youtube.com/watch?v=tiEZz0O41n8

SEËNBEDE

Vader, ons glo dat U die ware lewe uit vrye guns alleen vir ons gee –

leer ons in dié geloof lewe.

Amen.